Die Leraar en Kerkraad van die NG Kerk Koedoeskop,

Die Ring van Northam,

en die Noordelike Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk.

Broeders en Susters:

<u>Sake en Besluite Algemene Sinode 6 tot 12 Oktober 2013, Port Elizabeth.</u>

Broeders, die groot vere het toe nie gewaai nie maar die fyn donsies het agtergebly en dit gaan nog asma in die Kerk se longe veroorsaak!

1. Die verandering van die Belydenis grondslag wat Artikel 1 van die Kerkorde aanpas om 'n 7de Belydenisstuk moontlik te maak – vir eers net opsioneel, maar steeds 'n proses van druk wat die deur oophou vir die laatkommers! Sonder om die deur oop te hou vir die eerste inkommers, om trurat na die laatkommers oop te hou. Dit lyk na 'n eenrigting verkeer!- en wat dan nou om vorentoe en verder ook die deur oop te hou vir nuwe 8ste Belydenisse of om bestaande Belydenisse te verander? Of te verminder?. Vir my lyk die proses met die voorgestelde Belydenis van Belhar na 'n roete van druk en geen omdraai nie.

2. Omdat die voorstel oor die voorgestelde nuwe Belydenis van Belhar 'n voortgaande proses van geen terugdraai is nie en inherent alreeds verskille en skeuring impliseer, (soos onlangse gebeur het met die nuwe Protestantse Kerk van Nederland en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika), vra ek nederig en gelowige dat die besluit oor Artikel 1 van die Kerkorde in geheel deur die "mindere" kerkvergaderings en lidmate van die NG Kerk verwerp sal word.

Geteken: Petrus Johannes Grobler (VDM emeritus nr. 274).

.....P J Grobler.....